

# Donderdag 29 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 8:10

Fokusgedeelte: Hooglied 8:10

## Kuisheid eer God

Kuisheid is inderdaad 'n deug. Dit is iets om op trots te wees. Jammerlik frons baie mense vir selfs die woord *kuisheid*. Kuisheid kan maklik vir sommige mense die betekenis kry dat 'n Christen moet dink dat seks iets vuil en verkeerd is.

In Hooglied 8:10 sien ons dat die bruid met blyheid kan spog dat sy kuis gebly het vir haar man. Soos 'n muur standvastig is en vyande buite hou, so het sy versoekings afgeweer. Haar borste wat soos torings is, verwys na haar volwassenheid as vrou.

Hierdie bruid is gereed om te trou. Sy is opgewonde om haarself oor te gee aan haar man en haar man gelukkig te maak. Die wysheid wat God hier vir ons gee, is dat seksualiteit mooi is en God kan verheerlik, mits dit binne die huwelik is. Buite die huwelik behoort ons enige seksuele kontak te vermy. Binne die huwelik behoort ons onself oor te gee aan mekaar, sodat ons ons huweliksmaat gelukkig maak deur wedersydse liefde wat ook seks insluit.

In baie opsigte is die huwelik 'n weerspieëling van Christus se verhouding met die kerk. Soos 'n vrou moet smag om haar man gelukkig te maak (en 'n man sy vrou), behoort ons daarna te streef om Christus gelukkig te maak.

In wie se oë wil jy guns vind? Dit maak nie saak om by enigiemand guns te vind as dit jou verhouding met Jesus Christus beskadig nie. Ons moet aan Hom alleen getrou bly. Christus alleen is waarlik getrou aan ons. By Christus alleen kan ons ware vreugde vind. Vrede en vreugde is deel van die vrug wat die Heilige Gees in ons harte bewerk. Hoe meer jy intimiteit met God najaag, hoe meer sal jy vind hoe gelukkig Jesus Christus jou maak.

*Sing: Lied 292:1 / Psalm 119-1:7*

*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)*